Sel: 061 470 3626 | E-pos: admin@tuinedal.co.za

GEMEENTEBULLETIN

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR
TUINEDAL
huisgesin van God

22 November 2020

Geen erediens in die kerkgebou nie.

Ds. Pieter van Santen

Eksodus 17: 1-7

AS HUISGESIN VAN GOD...

...WIL TUINEDAL 'N **VEILIGE RUIMTE** WEES WAAR GOED **VERSORGDE** EN **TOEGERUSTE** LIDMATE **GESTUUR** WORD NA N STUKKENDE WÊRELD – TOT **EER VAN GOD**.

Daar is tans 'n aansienlike styging in die infeksiekoers van die Covid-19-virus in die Suid-Kaap. George is as "hotspot" deur die Premier van die Wes-Kaap verklaar. Die munisipaliteit het gevolglik strenger maatreëls vir geloofsgemeenskappe afgekondig. Een van die leierskap se belangrikste oorwegings is die veiligheid en gesondheid van ons lidmate. Daarom is daar besluit om Tuinedal se eredienste (vir eers) te staak. Die situasie sal deurlopend gemonitor word en die gemeente sal via die verskillende mediaplatforms ingelig gehou word. Die kerkkantoor sal steeds daagliks funksioneer. Ons hou aan met die huiskerkliturgie wat Sondagoggende, 08:00 uitgestuur word. Dankie vir elke lidmaat se begrip en samewerking. Ds. Pieter en ds. Cor is steeds beskikbaar vir pastorale versorging. Kontak hulle gerus by 076 591 8390 (ds. Pieter) en 083 661 8420 (ds. Cor).

Dra 'n masker, was jou hande, behou jou sosiale afstand.

Nedbank: Rekening naam: NGK George-Tuinedal
Tjek rek no: **114 289 5416,**
Takkode: 198-765
Kaart-fasiliteit by die kantoor beskikbaar.

"Kom ondervind en sien self dat die Here goed is."
– Psalm 34:9

Huurkontrakte, ooreenkomste en samewerking

Die huurkontrak met Laerskool George-Suid is in die finale fases van afronding en sal binnekort onderteken word.

Die gesamentlike Sinergie Taakspan tussen Tuinedal en George-Suid gemeente se werk is na baie ure se saam praat oor die kerk van die toekoms afgehandel. Ons het begin as formele taakspan en geëindig as 'n groep vriende wat saam die Here se stem gehoor het. Ons is opgewonde oor nuwe gestaltes van kerkwees in George. Die verslag dien op 30 November by die onderskeie kerkrade vir bespreking.

Tiendemaand Dankoffer

Ons moedig jou aan om jou **Tiendemaand Dankoffer elektronies** oor te betaal gemerk "Tiendemaand". Jy kan ook 'n koevert by die kerk kry en dan jou bydrae so tydens die erediens ingee. **Ons totaal reeds ontvang is R35 800.**



Geloofsgroeimateriaal vir gesinne

Besoek dinkjeug.co.za

Daar is uitstekende, kreatiewe materiaal vir gesinne met jong kinders en tieners. Dis deur die Sinodale kantoor ontwerp om gemeentes van kwaliteit inhoud vir familiebediening te voorsien.

Almanak 2021

2021 kan eenvoudig net beter wees as 2020! Die toekoms begin **NOU**! Bring jou R325, 'n spesiale Bybelvers en kom wees deel van volgende jaar se almanak. OF bring jou R875 en 'n advertensie van jou besigheid (of iemand anders wat jy wil help, deur hulle te bemark), dan tree ons saam die toekoms in.

Pannekoekstalletjie by die Boerevintage-geskenkemark

Die Desembervakansie kruip elke dag nader en ons gaan weer heerlike, GROOT pannekoeke bak. Vir 11 dae, het ons 2 spanne (9 persone per span) per dag nodig, om dit 'n werklikheid te maak. Kyk solank na jou kalender. **Meld sommer nou al by die kantoor aan** met tye wanneer en hoe jy kan help (bakkers, rollers, verkopers, *runners*). **Jy kan ook met bestanddele en kontant help om die doelwit te bereik. Borg-'n-emmer teen R350.** En al doen jy jou deel fisies, kan jy sommer nou al **begin bid** dat die regte hande en baie voete sal kom na die mark.

Datum: 10 – 22 Desember

(**Sondae uitgesluit**)

Plek: Redberry-aarbeiplaas te Geelhoutboom

Tyd: 09:00 – 18:00

Nood waar jy kan help.

Indien jy dalk met 'n Geyser kan help (2de-hands sal ook werk) kontak die kantoor asseblief. Dis vir iemand in ons noodprojek.

Kerkkantoor nuus

Die kerkraadsvergadering van Maandag 9 November is uitgestel en sal nou plaasvind Maandag 30 November om 18:30, in die kerksaal.

KersSANGdiens

Ons KersSANGdiens word weens die huidige toename in Covid-19-infeksies in George afgestel.

Deurkollekte

Die deuroffer op 15/11 was **R595** vir ACVV George, **baie dankie**!
Deurkollekte vandag: Noodvoeding

VOORBIDDING

Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."

- ...vir ons **skoolkinders** en die hele skoolsisteem. Vir pragmatiese oplossings en die vermoë om aan te pas by die nuwe normaal. **Vir die Matrieks wat eindeksamen skryf, vir wysheid en getrouheid in die tyd.**
- ... vir die **leierskap en kerkraad** van Tuinedal. Vir leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid. Vir onderkeidingsvermoeë en waagmoed om besluite te neem en deur te voer. *Vir die huidige onderhandeling met Laerskool George-Suid en die gesamentlike Taakspan met George-Suid.*
- **...vir die gesondheidsektor wêreldwyd,** vir die bekamping van die Koronavirus, die ontwikkeling van 'n teenmiddel en geneesmiddel en vir mense wat die virus onder lede het.
- ...vir die **welstand van gesinne**. Ons bid spesifiek vir emosionele, fisiese en geestelike welwees. Ons bid opnuut vir vreugde en balans in hul lewens.
- ...vir die **ekonomiese klimaat** in ons land, verantwoordelike rentmeesterskap, etiese leierskap en goeie finansiële bestuur.
- ...vir ons internasionale **sendelinge**: Gerhard en Nadine in China; Stéphan en Carina & Elmar en Nadine in Japan. Ook vir ons binnelandse **sendelinge**: Grant en Loki in Port Elizabeth wat onder die studente by NMU werk & E.J. en Koekoes in Kamieskroon onder YFC.

Ons bid vir oom Johan Groenewald, met die afsterwe van **tannie Cathy.** Haar begrafnisdiens is Donderdag 26 November om 10:00 by Tuinedal.

Siekes en ongesteldes in ons gemeente: **Aletta Esterhuizen** (heup), **George Zeelie** (operasie), **Marlyn van Rooyen** (kanker), **George Delport** (kanker), **Elmarie Bergh** (kanker), **Johan Kotze** (rug), **Peet Henning** (knievervanging), **Thys de Beer** (kanker), **Anelda Jacobs** (14) (kanker) en almal wat herstel na kankerbehandeling.

VERJAARSDAE

Baie geluk!

Môre 23 November **David Deyce** PA2, **Tammy Jumat** 0782951474 GW1 & **Déhan Vermeulen** 061 484 0852 BW4

Donderdag 26 November **Johannes Jumat** 0737432093 GW1 & **Ané Vermeulen** BW4

Vrydag 27 November **Durandt du Preez** K1, **Joyce Joubert** 0846743164 Dor1 & **Louise Le Roux**

GW = Groeneweide Park, BW = buitewyk, Dor = Dormehlsdrift, GS = George Suid, Bos = Bos en Dal, PA = Pacaltsdorp, K = Kingswood en King George Park & RR Rooirivier Rif.